# JOHAN BOTHMA

**Datum:** **6 Maart 2010**
**Plek:** **Pretoria**
**Vraagsteller(V):** **Lize-Marie van der Watt | Geskiedenis Departement |Stellenbosch Universiteit**
**Antwoordsteller(A): Johan Bothma |Radiotegnikus | Gough 13 ; SANAE 12|1968 ; 1971**

**V:** Nou die heel eerste vraag is: Hoe het die paadjie geloop tot by SANAE en Gough? Op watter een was jy eerste gewees?

**A:** Ek was eerste op Gough, in 1968. Op daardie stadium was ek in die Weermag as 'n radiotegnikus, en toe het die Departement van Vervoer – daai tyd, onder wie Antarktiese sake geval het – die Departement Verdediging gevra of hulle 'n radiotegnikus het om Gough-eiland toe te stuur, want ek dink hulle kon nie iemand kry deur die advertensies nie. En toe het die bevelvoerder my geroep en gevra of ek belangstel om Gough-eiland toe te gaan. En ek het net gesê ja, maar ek nie 'n idee van Gough-eiland nie en ek het eintlik nie eens die naam mooi gehoor nie. Maar in elk geval, hy sê toe nee dis reg en ek is toe daar uit en niks verder nie. En so twee weke later, toe kry ek net 'n oproep; ek moet só laat in die Forumgebou, kamer só en só aanmeld, met dragnommer so – want in die Weermag het jy mos verskillende dragnommers wat jy dra – en 'n Mnr Botha gaan sien. Ek weet toe nie eintlik waaroor dit gaan nie, maar in elk geval, ek's toe daar uit en weg. Toe ek daar kom, vra hy vir my het ek al my sielkundige toetse gedoen. Ek sê nee. Hy sê oukei. So dis waar dit begin het. Toe't ek al die eerste keuringstoetse gedoen en die medies gaan doen, en toe gelukkig keuring gekry, en toe so 'n paar weke later by die span aangesluit, waar ons toe nou begin het met opleiding eers 'n bietjie. Fiksheidsoefeninge en so aan, en toe ook 'n kookkursus gedoen.

**V:** Waar julle nou brood leer bak het ...

**A:** Leer broodbak en koekbak het. Ja, en toe is ons uiteindelik af Kaap toe. Dit het redelik vinnig gebeur van ons nou uiteindelik deel was van die span en toe af Kaap toe. Op die RSA en ja, toe weg.

**V:** Jy praat van keuringstoetse. Watse keuringstoetse was dit?

**A:** Ja, jy doen sielkundige toetse, allerhande sielkundige toetse. Hulle moet die span selekteer en probeer ouens bymekaar sit wat nou gaan met mekaar oor die weg kom.

**V:** Kan jy onthou wat hulle gevra het?

**A:** Jong, ek weet nie ... Ek weet nie wat's die toetse se name nie, maar hulle wys vir jou sulke prentjies met kleurkolletjies en dan's daar 'n syfer in, en dan moet jy nou sê wat's die syfer – ek dink dit het dalk met kleurblindheid te doen. Dan het hulle vir jou lang tabelle met syfers

gegee wat jy moet optel. En dan't hulle vir jou prente gewys, en dan moet jy sê wat sien jy in die prent.

**V:** O ja, daai Rorschach-toetse.

**A:** Sulke goed, ja.

**V:** Oukei. En was dit die eerste keer wat jy op skip vaar?

**A:** Ja.

**V:** Hoe was hierdie vaart gewees?

**A:** Erg!

**V:** In watter opsig?

**A:** Ons het, ek dink, vyfuur uit Kaapstad-hawe geseil en teen sesuur het ek begin siek word, en ek het vir nege dae ... was ek basies seesiek! Dat ek naderhand gewens het ... Ek was eers bang ek gaan dood, en toe's ek naderhand bang ek gaan nié dood nie.

**V:** Oukei, ek verstaan!

**A:** En toe't ek ... dat die skip net moet strand, dat ek kan klaar kry. So ja, dit was bietjie erg.

**V:** Hoeveel dae was dit tot op Gough?

**A:** Ek dink elf dae. Maar ons het toe eers net by Tristan da Cunha gestop, en toe daar darem bietjie rustiger geword, want toe's die skip op anker en nie so op die oop see nie. Maar toe net bietjie voorraad afgelaai en ek dink daar was mense ook, en toe's on Gough toe. Toe ons daar kom, toe kyk ons hierdie storie ... Want ek was redelik half eintlik oningelig oor eintlik wat gaan aan en waaroor is alles. So dan wonder 'n mens nou eintlik wat het jou besiel en wat gaan jy nou hier maak.

**V:** In hoe 'n mate het hulle julle ingelig oor Gough-eiland self vooraf?

**A:** Weet jy, as ek mooi onthou, nie verskriklik baie nie, want ek dink hulle het half aanvaar jy weet waaroor dit gaan. Ag, en daar was iemand by die Departement wat op 'n stadium met die groep ook net 'n bietjie net gepraat het en vir mense gesê het hoe gaan ons optree teenoor mekaar; wat gaan jy doen as jy so lank in isolasie is, en sulke dinge. En die ouens het 'n paar vrae gevra.

**V:** Hoe lank het julle op Gough gebly?

**A:** 'n Jaar. Ek dink ons was 14 maande uit en tuis.

**V:** Wat was die maklikste ding van die werk op Gough gewees?

**A:** Maklikste? Ag, ek weet nie. Alles wat eintlik ... Ek het dit verskriklik geniet toe ons nou eers daar is. Ja, dis lekker harde werk ook: al die voorraad moet afgelaai word en moet gebêre word, en dan is daar maar die standaard instandhouding van die basis. Ek was

verantwoordelik vir al die radiokommunikasie-uitrusting – basies al die uitrusting, want ons het nie 'n werktuigkundige gevat nie; die radiotegnikus was ook verantwoordelik vir maar basies alles – vir die stowe, vir die wasmasjien, vir die kragopwekkers.

**V:** Hoeveel instandhouding was daar om te doen?

**A:** Ag, daar's maar altyd ietsie. Weet so wat jy so hier en daar moet aan die gang hou. So maar dis nou ook nie ... Gelukkig, as die goed werk, dan werk hulle. So ja, dit was eintlik 'n fantastiese tyd. Ons het lekker baie vis gevang ook.

**V:** Watter visse kon mens hier vang?

**A:** Weet jy, ons het blouvis gevang, en snoek – ons het geweldig snoek gevang. Ons het soutsnoek gevang en drooggemaak ... of snoek gevang en droë snoek gemaak. Die ouens het eers vir ons gesê dit gaan nie werk nie, want dis te klam; dis te vogtig. En ons het blikke gedroog. En baie kerrievis gemaak, só dat ons voorraad asyn opgeraak het.

**V:** O aarde!

**A:** Toe gelukkig – kyk, daar's mos twee vissersbote van die Kaap wat gaan kreefvang daar, en hulle het toe weer vir ons asyn gebring en so aan. Maar dit was baie lekker.

**V:** En toe die padjie SANAE toe ... Hoe het dít gebeur?

**A:** SANAE toe ... Ek is toe terug van Gough af, toe's ek weer in die Weermag, want ek was in die Staande Mag, en toe het ek my ... Na sewe jaar is ek uit die Weermag uit. Op daai stadium het ek toe in Durban gaan werk by 'n filmlaboratorium, waar ek basies kwaliteitbeheer gedoen het en ook die rolfilmontwikkelings behartig het. En toe een aand op die radio gehoor hulle soek 'n radiotegnikus vir SANAE. En toe geskakel en die aansoekvorms gekry en deurgestuur. En toe kry ek weer die telefoonoproep om te sê ek moet Pretoria toe kom vir die onderhoude en toe's die weer al die aanlegtoetse en goeters, en sielkundige toetse. En die oggend toe ek inry stad toe, op pad na die Departement toe, toe beland ek langs twee van my kollegas wat saam op Gough was.

**V:** O, wonderlik!

**A:** Chirs Koch en Tom Potgieter. En ek vra so deur die venster, hier in die verkeer, waar gaan júlle heen? Nee, hulle gaan SANAE toe! Ek sê o, ek is ook ... ! Ek gaan, *well*, ek wil ook gaan, maar ek is nou hier vir die onderhoude. Ja, toe's ek nou maar weer deur al die mediese toetse en goeters. En toe laat weet hulle my nee, ek's toe gekeur, en ek moet kom. Toe moet ek nou bedank daar, want ek het in Durban gewerk. Toe't ek maar met die baas gaan praat en mooi gevra en gesê weet, ek wil hulle nou nie in die steek laat nie, maar ek het nou 'n geleentheid, wat hulle eintlik ook oor opgewonde was en so, en hy vra ek moet net twee weke kennis werk, dat hulle iemand anders probeer kry. En ja, toe's ek weer deur die storie – weer kookkursus ... !

**V:** Hoe was die opleiding toe? Was daar ander opleiding ook gewees?

**A:** Nee, ag, ons het maar weer basies dieselfde ... weer net bietjie kook en ... o ja, brandbestryding – ons het toe brandbestryding gedoen – en ons het lesings gekry oor watse tipe gevare is daar en hoe moet jy dan optree as daar 'n brand is, en al sulke goed. Ons het noodhulp ook gedoen. En toe in die Kaap het ons bietjie opleiding gekry op die voertuie, die Caterpillars en die muskegs, om hulle te bestuur.

**V:** En dié keer op die RSA – was dit maar dieselfde gewees?

**A:** Dit het bietjie beter gegaan, want ek het darem nou geweet wat om te verwag. Maar ja, dit was maar ... Dit lyk my ek's maar bietjie geneig tot seesiek, maar dit was nie naastenby so erg soos Gough toe nie. So dit het bietjie beter gegaan.

**V:** Het julle 'n seremonietjie gehad by die $60^{o}$?

**A:** Nee, ons het nie ... Of dalk het hulle; ek was dalk weer bietjie horisontaal op daai stadium ... Maar ek kan nie onthou of ons dit gedoen het nie. Ek weet toe ons teruggekom het, het hulle vir 'n paar dae so op en af gevaar langs ... Daar's mos 'n rif, of 'n skeur, wat hulle dan meet en kyk hoe groot word hy en so aan. Maar jy kom dit nie regtig agter nie, want jy's maar net op die oop see. So ek dink hulle het daar 'n dag of twee bietjie op en af gery. So ja-nee .... Maar toe was dit darem beter. Ek het toe nie so erg siek geword nie.

**V:** En toe 'n mens nou die eerste keer by daai pakys aankom en Antarktika sien, wat dink mens?

**A:** Ja, dit was ongelooflik. Ek onthou dit was absoluut stil, doodstil, toe ons daai pakys binnegaan. En dan hoor jy net die geklang-klang soos die skip teen die ys begin stamp. Maar 'n ongelooflike gesig. Maar dit was toe ook laatmiddag, en toe begin die sonsondergang, met die rooi son wat ondergaan. Maar 'n absolute stilte; doodstil. Jy hoor niks. Die see was kalm, plat. Die ysse dryf. En ja, fantastiese ervaring.

**V:** Het julle vasgesit?

**A:** Ons het vasgesit, maar nie vir baie lank, soos van die eerste ekspedisies, nie. Ek dink ons het 'n ses of ag ure op 'n stadium ... wat ons nie kon vorentoe of agtertoe nie, maar toe't dit weer begin opbreek, en toe kon ons weer vorentoe.

**V:** En hoe het die aflaaiproses gewerk aan daai kant?

**A:** Ja, daai dae was dit nou baie hande-arbeid nog – ons het nie al die geriewe gehad nie. Ons het begin op die pakys aflaai, wat nou redelik makliker was, want dan kan die voertuie tot langs die skip kom, en ... Maar ons moes 'n wal grou waar die pakys nou aan die ysbank vaskom, waar die voertuie kon afry. So daar het ons met die hand en grawe so 'n *ramp* gegrou. En toe kon die voertuie tot langs die skip kom; die goed met die hyskrane aflaai tot op die slees, so dit was redelik maklik. Toe op 'n stadium, toe begin die pakys baie opbreek. Toe moes hulle alles afkry en weet ... vir veiligheid. Toe't ons opgehou aflaai, die voertuie weggetrek, die mense weggekry. En toe moes die skip nou die ysbank stamp met sy ... Dan jaag hy in die ysbank vas, dat as daar los ys is, dat dit nou kan afval, tot die Kaptein tevrede is dat die ysbank

stewig is, en toe die skip nou langs die ysbank vasgemeer. Ja, en toe't hulle nou daar vanaf tot op die ysbank met die hyskraan die goed afgelaai tot daar, en dan tel ons dit net met die hand op tot op die slee en dan ry ons dit met die voertuie tot by die basis. En daar word dit met die hand afgelaai.

**V:** Waar het julle geslaap in hierdie aflaaitydperk?

**A:** Weet jy, ons het maar skofte gewerk. Die ouens het maar op die skip geslaap, soos wat ons nou maar .... in ons kajuite, en party ouens by die basis. Maar ons het 24-uur skofte gewerk, so party ouens so terwyl hulle werk, dan's party ouens of by die basis of by die skip, wat hulle dan slaap. En dan so werk ons 24 uur.

**V:** Hoe was dit om die mense te sien van die vorige basis?

**A:** Ja, dit was vreemd. Hulle was, jy weet, die klere is maar verslete na so 'n jaar, en so aan. En lang hare en baarde ... Maar 'n vreemde gevoel – in die vreemde. Jy's maar 'n bietjie benoud, want weet, gaan jy dit maak; gaan jy oorleef?

**V:** Ja.

**A:** Gaan jy die werk kan doen? Want jy's daar op jou eie. En ook maar 'n gevoel van joe, moet ons nie maar net die ouens optel en teruggaan huis toe nie? So 'n ou is maar redelik benoud.

**V:** Was daar Belge saam met julle ook gewees?

**A:** Nee, ons het net ... Die span daar was nie anders nie.

**V:** Was julle vergesel van beamptes van ... ?

**A:** Van die Departement was 'n paar mense, en dan het jy 'n DPW-span wat ... Ons het 'n nuwe basis gebou ...

**V:** Ja.

**A:** So dit was baie werk. Dis hoekom ons ook 24 uur gewerk het, om al die boumateriaal aan te ry met die slee. So dit het rof gegaan. En dan's daar nou en dan 'n sneeustorm. Baie van die materiaal het toegesneeu. Maar ja, die ouens het hard gewerk en die basis gebou. En toe moet ons nou die ou basis ontruim, en waar soos ek nou verantwoordelik was vir die radio's en goed, het ek en my voorganger ... Toe't ons op 'n stadium gereël met Derde Poort-radiostasie dat ons gaan nou daai tyd afskakel en al die goed ontruim, oortrek na die nuwe basis toe, al die goed installeer en dan weer aan die gang kry. En ons het hulle gesê hulle moet maar op die "uitluister" vir ons bly, maar ons sal ... ek kan nie onthou nie – twee dae of wat ook al sal dit vat. En as ek reg onthou, het ons 24 uur later, toe maak ons eerste kontak.

**V:** Sjoe, dis nogal vinnig.

**A:** Toe't ons geskuif, al die goed getrek, opgestel, aan die gang gekry en net gesê ons is nou weer reg, aan die gang, maar daar's nog baie goed wat moet gedoen word. En ja, toe't ons nou net al die goed klaargekry, geïnstalleer, en nou maar die res van die goed oorgetrek. Ja, en toe ...

**V:** Hoe lank het hulle gevat om te bou aan hierdie basis?

**A:** Weet jy ... Kyk, ons is in Desember uit die Kaap uit, en toe ... Januarie begin ... Januarie, Februarie, Maart ... Ek dink dit was drie maande, so iets. Maar toe ... weet, al die vertrekke was ten minste klaar gebou; die sneeugange wat die geboue verbind was hoofsaaklik klaar, maar die hoofgang, wat in die lengte van die basis loop, was nie heeltemal klaar nie. Ons moes dit klaarmaak.

**V:** Toe die skip al weg is?

**A:** Ja, toe die skip weg is. En ja, toe't ons ook die eerste sneeustorm gekry; die basis amper toegesneeu. En die ysgang het toe, omdat hy nie heeltemal toe was nie, het hy nou ook heeltemal toegesneeu en ons moes ons maar onsself toe uitgrou weer, al die sneeu uitry en die gange skoon kry. En toe nou maar weer ... Maar gelukkig het hy toe redelik hoog toegewaai, so dan vorm die ys, vorm nou die muur van die gang eintlik.

**V:** Ek verstaan.

**A:** Want met ogiesdraad span hulle met *hessian* as die muur.

**V:** O, dis maar net dit?

**A:** Ja. Tot die ys nou maar gevorm het, en dan's dit ysmure.

**V:** Ongelooflik. Wat het die beamptes van Vervoer gedoen daar?

**A:** Wel hulle het die basis gebou; jy weet, die hoofbasis – al die vertrekke. Want ons het, soos 'n trein, kompartemente, of trokke eintlik, wat nou sê die slaapkwartiere – hy's op sy eie. Dan is daar 'n gangetjie wat hom verbind na die volgende vertrek toe, wat sê nou maar die kombuis en die biblioteek, met bietjie die ontspanningsgedeelte; en dan weer die volgende een is die enjinkamer; en dan is metkassies se kantore met al die instrumente, waar hulle die ballonne en goed voorberei, weet. En daar's store. So 'n lang trein.

**V:** So dit was mense van DOW wat dit geboue het?

**A:** Hulle het die plek gebou; ons het maar gehelp.

**V:** En die beamptes? Het hulle ook maar gehelp? Van Vervoer ... ?

**A:** Nee kyk ... Ja, ek weet Mnr Van der Merwe – hy was die hoof daai tyd van die Departement, en hy was ook saam. En hy't ook fisies hard gewerk saam en hy't ook gekyk na die voertuie wat hulle ... Een van die voertuie het hulle 'n nuwe enjin ingesit, en hy was daar baie betrokke. So ja, daar was nie , maar die grootste span was maar die DOW–span, en dan die eskpedisielede, en dan Mnr Van der Merwe van die Departement.

**V:** En toe daai skip nou uiteindelik vertrek, hoe voel jy dan?

**A:** Ja, dan wonder jy nou maar , maar dis ook lekker, want dan weet jy jy's nou op jou eie en dan kan jy maar aangaan en jou dinge begin doen. So ja, dis maar bietjie benoud, jy weet. Dis

lekker, en heeltemal ‘n ander gevoel die dag as jy daar staan en daar kom die skip om jou te kom haal. Dan is jy baie hartseer; jy wil nie weggaan nie. Die nuwe mense voel soos indringers wat nou jou plek kom vat.

**A:** Ja, jy’t lief geraak vir die plek en dit was ‘n wonderlike ervaring. En dan is jy nou nie baie bly hulle is hierso nie, en dan besef jy maar nou het jy jou tyd gehad; jy’t jou beurt gekry. En dan wil jy so gou as moontlik maar net wegkom dat hulle weer kan aangaan met hulle ding, dat jy nou weer uit hulle pad uit is.

**V:** In hoe ‘n mate het die ervaring op Gough ‘n mens voorberei vir SANAE?

**A:** Weet jy, ek dink in terme van die afgesonderdheid het dit dalk ‘n bietjie gehelp. Alhoewel SANAE is baie anderste – in die wintertyd is jy basies in die basis, waar op Gough kon ons baie uitgaan buite. Daar was nou wel baie reën en wind en storms, maar dis bietjie anderste. Op SANAE is jy in die basis, onder die ys basies, so jy gaan net uit as jy die sneeusmelter moet volmaak; as jy die honde moet gaan kosgee. Jy kan nie veel werk buite eintlik ... jy kan nie uitgaan nie. Die metkassies gaan uit om sekere van die instrumente se lesings te kry. Maar ja, jy’s ingekluister in die basis. Maar ons het baie werk gehad, jy weet. Ons moes baie van die werk nog klaarmaak binne in die basis; ons moes die plek verf. So ja, daar’s altyd genoeg werk wat jou besig hou.

**V:** Was julle darem ‘n bietjie kreatief gewees met die verwery?

**A:** Ja wel, dis maar net ... Ek dink dit was groen; so ‘n ligte groen kleur. En ja, van een plek, vertrek na die ander, maar gehelp - die ouens wat nou nie besig was met hulle werk nie, soos die leier en die radiotegnikus en die dokter het nou nie spesifieke tye wat hulle nou moet aan hulle projekte werk of so nie, so jy’t meer vryheid. En ja, ons moes maar daai tipe werk hoofsaaklik nou maar doen.

**V:** Ons het nou nou ‘n bietjie daaroor gepraat, maar verduidelik net weer ‘n dag in die lewe van ‘n radiotegnikus op SANAE?

**A:** Goed, daarso ... Dit gaan maar daaroor, jy moet sorg dat die kommunikasie instand gehou word dat jy die operateur kan kommunikasie hê – al die weerberigte deurstuur na die Republiek toe. So ja, dit gaan maar oor die radiotoerusting, die *teleprinters*. En ons het ook ‘n apparaat daar geïnstalleer wat foute uithaal as daar bietjie steurings op die kommunikasie is – hulle het dit ‘n AutoSpec genoem. So hy het nou op ‘n sekere manier van die foute gekorrigeer, wat die kommunikasie beter gedoen het – veral met die teleksmasjiene, die foute uitgehaal, want baie keer kry jy dan kom daai teleks deur en dis net ‘n gebrabbel; jy kan nie eintlik lees nie, as gevolg van steurings in die radio. En dié ding het nou gehelp om baie van daai foute uit te haal, dat jy ‘n meer leesbare berig kry so. Dit het die kwaliteit van die briewe beter gemaak en die berigte wat deurgekom het.

**V:** Maar vertel ook bietjie meer, julle het soms in die somer dan ook uitgegaan veld toe, beide op Gough en Antarktika?

**A:** Ja, op Gough is dit natuurlik nou baie makliker, want dit is - alhoewel dit ‘n baie hoër reënval is, het ons baie meer geleentheid gehad om bietjie te gaan stap, om vis te vang. Ons het so ‘n kanoe probeer bou, wat ook gesink het, maar ... Ja, ons het ‘n keer of wat bietjie geswem in die see.

**V:** Was dit nie koud nie?

**A:** Was koud, maar ag, dit is lekker. Jy raak maar ... ‘n mens akklimatiseer. Gough was nie so koud nie – ons het selde onder vriespunt gegaan.

**V:** O?

**A:** Maar baie nat; baie reën en wind.

**V:** Ja.

**A:** Ja, ons het baie gestap. Ek het gelukkig - daar was ‘n ou basis wat Martin Holgate – die ou wat die eiland opgemeet het, het ‘n basis gehad daar, so by die see, wat nou langs ... En ek het twee keer, het ons met twee of drie van die kollegas, het ons gestap. Dan stap ons van die basis af tot bo op South Peak, en dan weer af in die Glen af tot daar, en dan die nag daar oorgebly.

**V:** O, lekker!

**A:** Ja, ons het nogal daar by die ou basis so plekkie gekry waar die vorige manne aartappels geplant het ...

**V:** O, oukei!

**A:** Sulke klein aartappeltjies wat amper so groot soos *nickerballs* was!

**V:** En op SANAE was julle eenkeer na die Borga-basis toe?

**A:** Ja, ek was nou ook daar bevoorreg om saam met ons leier, Gustav Nel, en ons werktuigkundige, Mike Martin, het ons na die winter, het ons nou die roete weer gaan *stock* met kos en brandstof vir die geoloë wat ... Ons was tot by Borga, en ook op GruneHogna, want ons geologiese span het ‘n basis op GruneHogna gebou. So dis net nog voor jy by Borga uitkom. So dit was ‘n wonderlike ondervinding ook. Ons het ‘n hele paar keer in ysskeure beland met die voertuie, wat ons dit moes uitgrou ... Ja, die derde keer was baie erg, amper. Die Caterpillar ...

**V:** Wat het gebeur?

**A:** Ja, ons het geloop. Ek en Gustav het geloop vooruit, met skistokke. Dan druk ons maar so ... in die ys steek, om te kyk as jy die skeure kry. Maar van die ysbrûe wat oor die skeure kom is partykeer sterk en dik, jy weet, jy kom nie deur nie. En die voertuig se gewig was net te veel, en die volgende oomblik, toe hoor ons net ‘n slag. Toe breek die Caterpillar deur daai een brug in die ysskeur, en toe val hy heeltemal so op sy sy, dat die kajuit van die Caterpillar het gerus op ‘n deel van die bruggie wat gevorm was.

**V:** Sjoe!

**A:** So as daai ding gebreek het, dan was daai ding weg, ondertoe. So dit was nogal bietjie erg. Ja, en toe't ons vir Mike uitgekry. Hy't ook 'n groot bietjie skok ook gehad en was maar benoud. En toe besef ons maar ons het nie toerusting om daai ding alleen uit te haal nie. Want ons het 'n een-ton *block and tackle* gehad, en ons toe bang dat as ons dit gaan probeer en iets gee mee, dat hy nie die gewig kan vat nie, dan gaan hy deurval ondertoe. Toe't ons nou geradio na die basis toe – vir die hoofbasis en ook vir die Borga-basis – en nou vir hulle vertel wat gebeur het. Want toe's ons nou naby Marsbinder [? 24:41], so 'n bergpiek wat nou eintlik ons eindpunt was, en ons het 'n paar honderd meter van hom, toe val ons in, op pad terug nou van Borga terug SANAE toe. Ja, toe het ons nou maar 'n tent opgeslaan en daar gebly en gewag dat SANAE vir ons ... Hulle het toe ... Die dokter, Louis Wessel, en Chris Koch kom toe met die hondespan, want hulle het toe nou nie genoeg voertuie by die basis nie. Dis toe 120 km wat hulle toe met die hondespan vir ons nog 'n *block and tackle* bring.

**V:** Sjoe, hoe lank vat dit om 120 km met honde ... ?

**A:** Ag, ek weet nie. Hulle het 'n paar dae getrek met die honde, want jy moet ... Een ou hardloop en een ou ry saam met die honde en dan ... Dis maar ...

**V:** Dit klink maar na harde werk ...

**A:** Ja, dit was 'n week se werk dink ek.

**A:** En toe het die Borga-span ook ingekom met hulle voertuig en vir ons kom help. Ja, toe almal eers daar is en al die goed opgestel – en die pale en die ankers en goeters – toe was dit 'n paar uur se werk, toe's die Caterpillar uit.

**V:** O, toe's julle baie dankbaar.

**A:** Ja, toe's ons nou bly niemand het seergekry nie en ons is weer veilig en op pad. Ja, toe's die geoloë weer terug Borga toe, of GruneHogna toe, en ek en Chris is toe met die Caterpillar ... Want ons het nou 'n muskeg ook saamgesleep, wat ons mee aanvanklik in is, want ons moes die Caterpillar wat die Borga-span gehad het, saam terugvat SANAE toe. En ja, toe't ons die muskeg op 'n slee gelaai en getrek met die Cat. Toe's ek en Chris nou verder terug SANAE toe, en toe't Gustav saam met Louis weer met die hondespan terug SANAE toe.

**V:** Die Borga-span was hulle - wanneer het hulle vertrek na die Borga toe?

**A:** Weet jy, net na ons op SANAE gekom het, het hulle maar hulle goed reggekry – die slees gepak en al hulle voorraad – dat hulle kan ingaan; dat hulle deurkom voor die winter nou regtig begin jy weet; dat hulle by hulle basis kan wees voor die sneeu en die winter begin.

**V:** So hulle was seker bietjie bly om gesigte van buite te sien?

**A:** Ja, ja, want hulle was sewe outjies ...

**V:** Dis nogal baie ...

**A:** Ja. Wat nou oorwinter het daar in die berge. En hulle het toe so 'n tent gebou daar, maar dis maar een vertrek waar hulle gebly het en oorwinter het. En hy't ook heeltemal toegesneeu. Want ons het toe by hulle aangesluit en toe 'n paar dae daar gebly, wat ook baie lekker was; nou na die winter dat ons die eerste keer weer bymekaar kom.

**V:** Ja.

**A:** Maar hulle het ook twee karavane gehad wat op slees gebou was. Die een was met instrumente wat hulle nou ook .... eintlik maar meer 'n werkstasie gewees. Die ander een het slaapplek en goed gehad. En ek onthou juis daai eenkeer, toe ons by Draaipunt gesit het, op pad soontoe ... Toe't ons twee weke in 'n storm in die tent vasgesit, wat ons nie kon uitgaan nie. Daai tyd was hulle ook ... Daar was kwaai wind en goed – toe was hulle binne-in een van die karavane – dat die wind hom omgewaai het en hulle was binne-in!

**V:** *Oh my word*! So die wind kan die karavaan met mense in skep?

**A:** Ja, want dit was geweldig sterk. En toe't hulle nou eers vir ons die volgende dag vertel, toe ons op die radio praat, wat gebeur het. Hulle sê die wind het die ding rondgeruk, en die volgende oomblik, toe's hy weer op sy voete.

**V:** Sjoe.

**A:** Toe's hulle nou ... Maar toe't hulle hom probeer anker weer en so aan. Dit was maar 'n redelike benoude ervaring. Ja, ek en Gustav en Mike het vir twee weke daar in die tent vasgesit.

**V:** Hoe was dit? Wat doen mens as jy vir twee weke in 'n tent vasgekeer is?

**A:** O, dis moeilik. Jy - ons het gelukkig- Ons het ons sleerantsoene met kos in, het nou boeke ook ingehad. So ons het darem 'n paar storieboeke gehad, wat ons nou kon lees. En ja, verder het ons maar gesit nou en ons het maar ook ons kommunikasie met SANAE beperk, want ons kon nie die batterye laai nie, want die voertuig was nou ook daar buite in die sneeu. En ja, toe het ons maar net elke dag opgegaan en gesê ons is nog oukei, en, maar oor dit so koud is, het ons nou, voor ons nou praat dan, het ons eers die battery en die radio bietjie op die Primus-stoof warmgemaak, want as dit te koud is, dan wil die battery nie werk nie.

**V:** Nou kon mens darem staan in daai tente, of het julle net gesit?

**A:** Ja, jy kan staan, maar ek bedoel hy's klein. Twee ouens lê net in hom, kan langs mekaar ... So ek en Gustav het in die een tent gebly, en Mike was in die ander tent, waar ons kos en die Primus-stoof en goeters was. Maar toe, na daai eerste nag se storm so woes was, het ons maar besluit dat ons al drie in een tent in – so ons het soos sardientjies gelê! So dit was maar ... benoud.

**V:** Ja, ja!

**A:** En ag, ja. Toe die een dag, toe ons nou weer wil met SANAE praat, toe wil die radio nie werk nie. Joe! Nou ja, toe't

**A:** Joe! Nou ja, toe't ons nou daar gesit en ek het nou maar begin probeer fout soek. En toe kry ek naderhand ... 'n draadjie watt toe afgebreek in een van die proppe. En ja, toe't ek hom nou met die agterkant van 'n lepel weer vasgesoldeer! Want ek het nie gereedskap gehad nie ...

**V:** So 'n mens raak maar kreatief, innoverend.

**A:** Dan moet my maar improviseer, ja. En toe, gelukkig weet, kon ek die fout kry en toe die draad weer vasgesoldeer, en toe kon ek weer praat.

**V:** Wat het julle gedoen vir ontspanning?

**A:** Op SANAE?

**V:** Ja.

**A:** Ag, ons het musiek gehad; ons kon musiek luister. Daar's plate gewees; daar's boeke. En ons het twaalf flieks saamgevat ...

**V:** Wat wie kon kies?!

**A:** Wat ons kon kies. En dan het ons elke Saterdagaand gefliek. Ja ag, en dan het ons ook nou maar ... Die ouens wat lus was het koek gebak en terte gebak op 'n Saterdagmiddag en op 'n Saterdagaand het ons gefliek. En ja, dit was ... Ons kon bietjie snoeker speel – daar was 'n snoekertafel ...

**V:** O, dis lekker.

**A:** En veerpyltjies. En skaak en sulke goed.

**V:** En was daar darem 'n bierrantsoen of iets?

**A:** Ja, daar was darem bier en wyn en so aan. Kyk, jy vat maar 'n voorraad; die Departement gee saam met al die kosvoorraad, gee hulle vir jou so 'n ... ek weet nou nie hoeveel nie, maar daar was bier en wyn en sulke goete, brandewyn, en dan ook sjokolade en sigarette, weet, gee hulle; elke ou kry sy voorraad van sjokolade en sigarette!

**V:** En met spesiale geleenthede, wat het julle gemaak?

**A:** Ja, dan het ons nou maar die plek opgemaak. Van die ouens het nou hoedjies en geskenkies gekoop wat saamgegaan het, en daar's nou bietjie papier en goeters, wat ons nou die plek probeer opmaak en ... Maar met die goed wat ons het die beste gemaak en die plek mooi probeer maak. En dan't ons nou die ... Maar ook lekker kos gemaak – almal het ingeklim en ook iets gemaak.

**V:** Daar was seker mense wat beter kon kosmaak as ander?

**A:** Dis só. Jy weet, party ouens het daarvan gehou; party het nie daarvan gehou nie. Maar ons maar beurte gemaak. Elke ou kook vir drie dae, dan ... Maar nou't ons ook weer van die ouens

wat nie daarvan hou nie, dan't hulle kookbeurte uitgeruil vir die *skivvy*-beurt. Die *skivvy* moet nou sorg dat die plek skoongemaak word, weet, al die afval, die leë blikke en goeters, en bokse, moet weggevat word, uitgegooi word; hy moet die sneeusmelter volhou en sorg dat daar water is. Hy was die *skivvy* daai dag – hy moes alles skoonmaak; sorg dat die verwarmingstelsels genoeg diesel in het, en so aan. Maar nou ruil jy nou daai kookbeurt, of jou drie kookbeurte vir drie dae, ruil jy vir een *skivvy*-beurt. So dis nou harde werk! So ja, ag, ek het nie rêrig omgegee nie, maar daar was een outjie wat nogal ... Hy't nie baie gehou van *skivvy*-werk nie, dan ruil ek my kookbeurte vir sy *skivvy*-beurt.

**V:** O, ek verstaan.

**A:** Ja, op jou *skivvy*-beurt kan jy ook was jy weet en jou klere was en stort. En ons was nou 13 op die basis, so jy't elke dertiende dag wat jy *skivvy* is, kon jy was en klere was en so.

**V:** Dan kon jy stort! Hoe was dit om te werk op SANAE? Was dit moeilik, maklik ... ?

**A:** Ag, in die begin was dit bietjie moeilik, in dié sin dat jy's nie gewoond aan die koue nie. Jy moet maar handskoene aanhê, en dis ongemaklik; jy's nie gewoond daaraan nie, so dis onhandig. Maar tot jy geakklimatiseer het en jy gewoond geraak het, dan kan jy al amper ... In die begin, kort-kort is jou handskoene uit en dan probeer jy goedjies doen, en dan's die handskoene maar weer aan. Maar jy raak dit gewoond. En in die basis was dit natuurlik verhit – dit was so 22$^{o}$ Celsius.

**V:** O, dis lekker warm.

**A:** Ja, daar's verwarmingstelsels, so binne is dit nie sleg nie. En dan het my maar jou roetinewerk gehad wat 'n mens maar moes doen, jou besig hou.

**V:** En die ervaring met sneeu? Het jy al vorige ervaring gehad?

**A:** Dit was aan die begin snaaks, want ek het nie voorheen sneeu geken nie. So ja, dit was nogal iets om te sien, veral hierdie massiewe ysbank en goeters. Dit was net wit, wit, wit. Maar ja, jy raak dit gou gewoond, so dis ... 'n Ongelooflike gesig, en dan besef 'n mens net weer hoe wonderlik die skepping is.

**V:** Ja.

**A:** So dit ervaar 'n mens geweldig baie daar. Self op Gough ook; dit is net ongelooflik hoe wonderlik die skepping is en hoe mooi dit is.

**V:** Ja.

**A:** En op Gough natuurlik, met al die voëllewe en goeters ook, wat ook baie mooi was.

**V:** In hoe 'n mate het jy die voëls leer ken?

**A:** Ja, jy leer maar die name. Jy't maar boeke, so jy ken die name van die goed. Toe ons gaan stap het byvoorbeeld op Gough, byvoorbeeld op South Peak, het die ... Die *Wandering* albatrosse broei daar.

**A:** En dit was mooi om te sien. Jy weet, hulle is mak; hulle ken mos nie mense nie. Jy kom tot by hulle. En ons het foto's geneem wat twee ouens byvoorbeeld die albatros se vlerke, wat nou op die nes sit, heeltemal uitsprei, en die voël sit maar net rustig daar op sy nes, jy weet.

**V:** Wel, hulle is mak; nie mense-gewoond nie.

**A:** Nie mense-gewoond nie, so hulle voel nie bedreig nie, wat jy kon ... Weet, om foto's neem, want van daai albatrosse het 'n vlerkspan van 17 voet.

**V:** Sjoe, dis wonderlik.

**A:** So dis groot, groot voëls.

**V:** En die spandinamiek? Hoe is dit om vir 'n jaar met so min mense saam te bly?

**A:** Ons was ek dink gelukkig in beide spanne wat ... Ek dink die keuring was goed. Die Departement het die ouens gekies wat bymekaar pas. Ja, so nou en dan is daar maar bietjie 'n verskil in opinie en sulke goed.

**V:** Waaroor sou die verskil in opinie nou gaan?

**A:** Ja, weet jy, ek dink in die meeste gevalle was dit maar dat party ouens dink hulle moet meer fisies, weet basiswerk, doen as wat van die ander ouens doen, so hulle steek bietjie lyf weg. Dis soos hulle voel, en dan's daar nou maar 'n bietjie ongelukkigheid. Maar ek moet sê beide gevalle in ons span wat ek was, het ons baie goed klaargekom; enkele verskilletjies gehad, maar nie ernstig nie.

**V:** Wat doen spanleiers?

**A:** Ja, ek weet nie; ek was nie 'n leier nie! So ja, ag hy moet maar die span bymekaar hou. Kyk op Gough was een van die lede was ook leier, so hy't sy normale take en goed gehad en dan moes hy nou maar verslae en goed deurgee en so aan. Maar die span bymekaar hou, dink ek.

**V:** En op SANAE, was die spanleier ... ?

**A:** Die spanleier was die leier wat ... Hy was nie een van die span; jy weet, hy't nie 'n ander funksie nie behalwe leier. Hy was die leier. So ja, hy't maar oral gehelp. Dis hoekom ek sê, jy weet, soos ek netnou verduidelik het, dat ... omdat hy baie meer vrye tyd het en nie spesifieke projekte of goeters nie, is hy en die dokter en die radiotegnikus meer vry om juis al hierdie ander basiswerk te doen, as ek dit so kan stel.

**V:** Hoe was die winter gewees op SANAE?

**A:** Dit was koud. Ek dink ons koudste temperatuur was -42. Ja, ag dis koud, maar die mens se liggaam registreer nie tot daai ... tot ek sal sê so -15, voel jy dis nou koud en kouer, en daarna is dit net koud.

**V:** Is dit?!

**A:** Ja, dis koud. Maar wat jy net versigtig moet wees, veral as jy dan buite is, is vir vriesbrand.

**V:** Ja.

**A:** Daar het ek so dan en wan ... Ons hou mekaar maar dop, want gewoonlik gaan jou neus ... word wit, want dit vriesbrand, en dan op jou oog, wimpers, hierso, en  jou ore. As dit begin wit word, dan moet jy maar net vir mekaar wys en sê [fluit] en dan vryf jy hom maar net bietjie, dat die bloedsomloop regkom. En soos daai keer toe ons nou daai twee weke in die tent in die sneeu gesit het, het ek vriesbrand op my tone gekry, dat dit het die bloedsomloop half gestop. En toe ek dit agterkom, toe is hulle nou al ‘n bietjie dood. En maar toe gevryf en bietjie weer die Primus-stofie aangesit en die tentjie bietjie warm gemaak, en hulle maar net goed gevryf. So toe’t hulle gelukkig reggekom. Maar drie maande later, toe vervel my tone soos wat ek sonbrand sou opgedoen het.

**V:** Werklik?

**A:** Dit was interessant, ja. Net die vel buite het al begin doodgaan.

**V:** O, oukei, ek sien.

**A:** En dan is dit amper soos sonbrand; toe het my tone het vervel.

**V:** Dis snaaks. Wat is die gevaarlikste deel van lewe op Gough en op SANAE?

**A:** Ek sou sê op Gough, omdat, jy weet, ons is by die see. Ons het baie gaan visvang en ons het al langs die rotse en die kranse bietjie geklouter en geloop, so ‘n ou kan daar val en dan dalk seerkry. As jy onverantwoordelik is op die see gaan ... Ek meen, ons het nou net daai kanoe probeer roei op die see en so aan, wat seker nou ... Maar ek dink ons het ... Jy weet, ‘n mens probeer nie kanse vat en onverantwoordelik wees nie, maar iets kan gebeur. So en dan gaan stap. Ons het, soos ek sê, twee keer gaan stap op Gough. En kyk daar’s drie outjies oorlede op Gough, wat as gevolg van hulle blootstelling ... Jy weet, jy word moeg, want dis verskriklik steil en jy loop moeilik  ... Omdat dit so sag en moerasagtig is, moet jy amper ... jy makeer die pas, want jy sak weg en dan ... So jy word baie moeg. En as jy daar bo kom, is dit maar koud en jy’s uitgeput, en jy weet, as jy net nie weer aan die gang kom nie, dan gaan jy dit nie maak nie. So ‘n mens moet bedag wees op sulke goed, dat jy versigtig is. Jy moet bymekaar ... Jy weet, jy moenie te lank gaan sit nie; maar half aan die gang bly.

**V:** En op SANAE?

**A:** Op SANAE sal ek sê miskien ook as jy buite is, en  jy kan verdwaal. So jy moenie sommer op jou eie buite gaan loop – veral in die winter, as dit nou donker en sneeustorms en goed is nie. In ‘n storm alleen uitgaan nie, want jy kry wat hulle die *white-out* noem. Jy weet, jy kan amper nie jou hand voor jou oë sien nie. So in plaas van donker nag, is dit net spierwit, maar jy kan nie ver sien nie. Soos juis daai tyd toe ons in die storm was in die tent, het ek en Gustav,  was in die een tent. En toe die volgende dag, toe wil ons nou gaan kyk of Mike oukei is in die ander tent. En die twee tente was langs mekaar opgeslaan. En ons het nou ... Ons het mekaar met ‘n tou vasgemaak, want ons moes weet ... Want ons het uitgegaan en toe’s dit storm en dis

*white-out*. En toe loop ons nou, want ons weet die tent is langs ons, en amper loop ons by hom verby.

**V:** Ongelooflik!

**A:** Want ons sien hom nie.

**V:** Ja, ja, want dis mos als wit.

**A:** Alles is wit. En toe gelukkig, ek dink Gustav of my voet het aan 'n tentpen vasgehak van Mike se tent. Toe's ons amper by hom verby. En toe ons nou daar is, toe roep ons hom en toe antwoord hy. En toe's ons nou maar in, want die tent is mos maar so amper so driehoek, piramiedjie, en dan't hy net so kous, wat jy inkruip, dan bind jy hom toe en dan keer hy dat jy nie kan sneeu inkry nie. Ja, gelukkig is hy toe nog reg, maar ook alleen en benoud, en weet nie of óns reg is nie.

**V:** Ja ...

**A:** Ja, toe't ons nou maar vir die res van die tyd in een tent ... Want die kostent is toe daar. Toe't ons net later, toe't ek en Gustav ons slaapsakke gaan haal, want jy lê maar net op die ys in jou slaapsak, en daar slaap jy; die grondseiltjie en dit.

**V:** Sjoe! Toe julle terugkom, het julle goed kontak gehou met mekaar, of hoe ... ?

**A:** Nogal; in die begin was daar redelik kontak, en toe oor jare, en toe met tyd het ons maar kontak verloor. Met twee van ... Kyk, Mike is toe Engeland toe, na 'n tyd, en Howard Thompson was ook van Brittanje af; hy's toe terug soontoe, en ons het laterhand met hulle kontak verloor. En van die ander lede ... een outjie is Australië toe. En later het ons weer kontak gemaak en nou nogal gereeld hou ons kontak. Hy was so twee of drie keer hierso met Midwinter, wat hy dan hiernatoe kom, en dan kom bly hy hier by ons terwyl hy nou hier is.

**V:** Lekker!

**A:** Hy't ook sy sig verloor; hy kan ...

**V:** Wie's dit nou?

**A:** Peter Bennett; hy was die, ons Borga-span se werktuigkundige. So ja, dan kom hy hiernatoe. So ons het nou nog kontak nou en dan per e-pos. En van ons span was nogal heelwat in Pretoria, so ons het nog bietjie nou en dan kontak. Een outjie, ons dokter, is in die Kaap. En so ja, maar ag, nie vreeslike ... weet, permanent nie. Maar ek en Gustav het nog goeie kontak. Ja, ons is goeie pêlle.

**V:** Beskryf om terug te wees in Suid-Afrika na 'n jaar op 'n eiland of op SANAE.

**A:** Weet jy, jy mis eintlik die plek. Weet, die eiland of SANAE. Soos ek sê toe die skip ook daar aankom, dan voel jy, nee, hy moes maar nog 'n bietjie langer weggebly het, want dis eintlik 'n fantastiese ervaring om ook te lewe daar. Jy raak lief vir die plek. So as jy terugkom, ja ag jy's bly om weer jou familie te sien en so aan. Ek was nog ongetroud, gelukkig; ook nie erg verlief

nie, so ek het nie sulke bekommernisse gehad nie. Want ek dink dis anders vir mense wat getroud is en erg verlief is. Ek weet twee van ons SANAE-lede was verloof, en hulle het toe ook net kort na ons terug is, het hulle getrou. So ek dink vir hulle was dit erger.

**V:** Ja, ja.

**A:** Want jy't 'n sterker band. Vir my was dit net my ouers, familie, so ... Ja, as jy terug is, dan is dit ook weer lekker om tussen die mense te wees. Die verkeer is nogal bietjie erg om weer gewoond te raak. En dinge verander. Ek onthou, toe ons op Gough was, as ek reg onthou, in daai tyd het minirokke ingekom. Voor ons weg is, was daar nie ... Toe't die mode van minirokke ingekom, toe wonder ons nou hoe's hierdie minirokstories?

**V:** Het julle gehoor die minirokke kom in?!

**A:** Ja, ons het gehoor terwyl ons nog op Gough was die minirokke is in. Nou dink ons joe! hoe is hierdie storie?!

**V:** Ja! En toe julle hier aankom?

**A:** Ag ja, toe's dit nou ...

**V:** Toe's dit nou maar net ...

**A:** Toe's dit nou nie so snaaks nie.

**V:** Watter impak het dit gehad op u lewe na die tyd om 'n jaar te gaan spandeer het op Gough?

**A:** Ek dink dit maak mens baie volwasse. Jy sien die lewe van 'n ander kant. Jy kan omdat jy baie afgesonder is, het jy baie tyd om te dink en met jouself dinge uit te maak. So ek dink mens leer ook ... Weet, voel jy word volwasse. Jy kan, jmoet op jou eie oordeel kan staatmaak, want daar moet jy jou eie besluite neem. Jy het nou die spanlede wat jy kan iets vra as jy dalk probleme het of wat ook al, om hul opinie te kry, maar verder is jy op jou eie. Moet maar jou eie besluite neem. En ja, wat vir my in beide gevalle baie sterk tevore gekom het, was maar die wonder van die skepping.

**V:** Ja.

**A:** Jy weet hoe wonderlik dit is, dat jy altyd maar op die Here staatmaak.

**V:** Ja. Het julle Sondae kerk gehad?

**A:** Ons het geluister op die radio.

**V:** O.

**A:** Ja, ons het maar geluister na die radio se uitsaaidienste.

**V:** Beskryf Antarktika.

**A:** Pragtig; wit. Ja, wat baie mooi was, is as jy in die berge kom, weet waar die bergpieke nou uitsteek ... Toe ons nou byvoorbeeld Borga toe gegaan het, en ook by GruneHogna, is dit

asemrowend, jy weet, hierdie swart rots wat so by die ys uitsteek. En dan kry jy mos nou hierdie windholtes, langs die berg, wat die wind waai teen die berg vas en dan warrel hy terug, en dan maak hy so ‘n holte. So langs elke bergpiek kry jy so ‘n groot gat amper.

**V:** Sjoe.

**A:** En die heersende windrigting waai dan teen die berg, en dan gooi hy die ys, of die sneeu, aan die ander kant van die berg. So aan die een kant is hy tot bo, wat dit dan so afslyp, en dan aan die ander kant het jy die rots met die windholte. En dis ‘n baie mooi gesig, so dis wonderlik.

**V:** En Gough?

**A:** Gough ... Baie plantegroei – gras, boompies – nie baie hoog nie, want die wind waai kwaai, so hulle’s maar ‘n bietjie platgedruk. Maar ja, lang gras. Die grond is baie sag, omdat dit so baie reën – baie hoë reënval. En ruig, so jy loop moeilik – dis hoekom hulle het daai paadjies wat hulle *catwalks* noem, hierdie *expanded metal* wat houtrame aan vas is, van die stoor af na die basis toe en so aan. So daarop loop jy, maar verder, as jy van dit afgaan, is jy maar in die modderrige, moerasserige veld. Maar dis ook mooi. Gough is maar net 8 myl lank en 4 myl breed, in die ou terme, maar baie styl. Jy weet, dis eintlik maar pieke, maar ook geweldig mooi. As jy byvoorbeeld van Gough-basis af oploop na South Peak toe – dis nou een van die hoë pieke op die eiland – en as jy daar kom, en op pad ook soontoe, dis asemrowend mooi. Want dis mos bo, wat verskillende kleure het, van liggroen, geel, donkergroen. So dis sulke plate met sulke skakerings. En dis net ...

**V:** Wonderlik ...

**A:** Jy kan dit nie beskryf nie. Dis baie mooi. Dis ... En dan ook, waarop hierdie basis is, is daar rotse wat nou uitstaan in die see, so ‘n entjie af, en dan ‘n entjie van die basis af was daar ook ‘n paar sulke losstaande pieke en rotse wat uit die see uitstaan, wat ... Dis baie mooi.

**V:** Wat mis mens wanneer jy daar is?

**A:** Niks ... ! Ja, ek weet nie. Jy mis bietjie jou familie. Maar jy’s maar besig, weet, so daar ... Jy gaan met jou dagtake aan. Jy’s altyd besig, so dit is nie dat jy verveeld raak of so nie. So jy’t maar jou dinge wat jou besig hou; jou take en so aan, by die werk, basis en so. En jy hou jouself besig, as jy nou ‘n aftydjie het, met iets, of net lees of bietjie musiek luister, of wat ook al.

**V:** Hoe baie leer mens van die ander mense se werk as jy daar is?

**A:** Baie. Soos jy weet, ek het nogal baie te doen gekry met die weerkundiges en al hul instrumente. Al die antennas – die goed het op ‘n stadium moeilikheid gegee, dan moes ek nou bietjie weet hoe dit aangaan, hoe dit aangaan, hoe dit werk, dat ek kan regmaak. En ag ja, jy weet, ons help mekaar. En soos met die ballonloslatings en goed het ek baie gehelp; die ballonne vol waterstof maak, dan om hulle los te laat, en dan die instrumentjies was onderaan is, wat nou al die goed terugstuur – die seine en goed – so ja, jy leer baie. So dit is, die

blootstelling is goed, jy weet. Selfs op SANAE. Daar's nog meer verskeidenheid programme en ja, nee dit is, jy gesels ook met die mense; vertel mekaar, weet, hoe jou projekte werk en ... So, ja.

**V:** En wat mis mens as jy terug is in Suid-Afrika?

**A:** Die stilte en die min mense ... !

**V:** Is dit?!

**A:** Ja-nee. Die verkeer is altyd erg om weer gewoond te raak. Die bedrywigheid, weet. Daarso is dit baie meer rustig. Jy't hou take; jy gaan aan met jou dagtake, jou roetines. En ... Maar ja, die stilte en ... Nie die gedruis nie – dit is nogal iets om gewoond te raak as jy terugkom.

**V:** Toe julle teruggekom het, was daar pers gewees op die kaai?

**A:** Ja, ek glo so, want ons het agterna van die foto's en goed in die koerante gekry.

**V:** Is dit?

**A:** Ja. Hulle sê gewoonlik op die radio, weet, die skip het nou teruggekom en dan's daar van die persmense wat 'n artikel plaas; dan praat hulle gewoonlik maar met die leier of so.

**V:** En die dinees? Het julle dinees gehad?

**A:** Ons het, toe ons teruggekom het van SANAE af, het die Departement 'n dinee gereël en daarna was dit nou die Antarktiese Klub wat nou elke jaar Midwinterfunksies hou. Maar van Gough het ons nie 'n dinee gehad nie.

**V:** Oukei.

**A:** Nee.

**V:** En laastens ... Jy't vertel jy sou graag ook Marion toe wou gaan. Hoekom?

**A:** Ja, ek sou graag. Dit sou ... Ag, dit was net nog 'n uitdaging; 'n ander omgewing, dalk iets anderste.

**V:** Was daar van die mense wat saam was wat op Marion was?

**A:** Nee, nie wat saam met my op Gough of SANAE was wat al op Marion was nie; nee. Ja so, ek meen, ons het maar die drie plekke wat ons ekspedisies na toe stuur, en ek het gedink dit sal net 'n prestasie wees om by al drie te kan uitkom. So ek wou graag gaan, maar ek het toe nou nooit daar uitgekom nie. Ek is toe getroud in die tussentyd, en ek het nooit gedink dis goed om te gaan vir so 'n lang tyd as jy getroud is nie.

**V:** Ja, ja.

**A:** Ag, ek het maar gesien van ons lede wat daar was, jy weet. Die probleem is, jy kan niks doen as jy daar is as daar iets verkeerd gaan nie – as die kinders siek word of die vrou word siek. En ek dink net dit is baie moeilik vir 'n man om daar te sit – deesdae vir vrouens – as jy sulke

verantwoordelikheid het hierso, en iets gaan verkeerd. Die kinders sukkel by die skool, of wat ook al ... Maar met siekte en sulke goed, dis gewoonlik erg. Want jy kan sien die ouens het baie stres daar, want ek meen hy sit daar; hy kan niks vir hulle doen nie. En ek dink dit vang 'n ou, en dis hoekom ... Ek sal, myself, sal ek nie graag in so 'n posisie wees nie.

**V:** Toe julle daar was, het julle ooit gedink dit sal eendag so gebeur dat vrouens gaan?

**A:** Nee, ons het nooit gedink dit sal gebeur nie.

**V:** Het julle daaroor gepraat?

**A:** Ja, ek dink ons het nogal. Ja, gesê ons wonder hoe sal dit wees om vrouens hier te hê, maar ons het net gedink dit sal nie werk nie.

**V:** Om watter rede?

**A:** Ek weet nie. Ek kan nie spesifiek sê nie. Wel, ek dink ons het net gesê, wel in die eerste plek hulle sal nie, die fisiese werk sal hulle nie kan doen nie, maar daar's ... jy weet. Maar deesdae is dit ook baie meer moderner. Hulle het ook baie meer toerusting, soos helikopters wat voorraad kan invlieg en aflaai en sulke goed. Maar daar bly altyd maar nog steeds fisiese arbeid wat moet verrig word, en ek dink vir daai rede sal vrouens maar sukker, jy weet. Maar andersins is daar geen rede hoekom hulle dit nie kan doen nie. En dit klink of dit goed werk. Ek meen hulle gaan mos nou al vir 'n hele paar jaar wat vrouens gaan, so ...

**V:** Ja, dis al 'n dekade of wat darem al.

**A:** Ja, so ek meen ... En dit klink of hulle ... Daar's van hulle wat al meer as eenkeer teruggegaan, so ...

**V:** Ja!

**A:** Maar ek dink dit is enigiemand wat 'n bietjie avontuur in hom het, sal hou van so iets, want dis ook maar 'n avontuur; 'n uitdaging. Dis iets nuuts. Ja. Ek is self maar 'n, ek hou van kleiner groepe; ek is nie 'n ... ek hou nie van baie mense nie. En wat lekker is daar, daar's nie verkeer nie.

**V:** Wel, in Gauteng se terme is dit seker fantasties!

**A:** Fantasties, ja! Nee, dit is baie lekker.

**V:** Oukei. Maar baie dankie. Enige iets wat jy wil byvoeg?

**A:** Nee, ag wat. Ek kan maar net sê dit was vir my iets wat ek nie sou wou mis in my lewe nie. Ja, dit was ... beide geleenthede was baie lekker ondervindings. Ag, 'n mens dink altyd met goeie herinneringe terug; dit was baie lekker gewees, ja.

**V:** Oukei. Dankie, baie dankie.